DESEMBER 2018 INLIGTING

Belangrike Inligting vir besoekers

Die NVBV heet u welkom in Nature's Valley

Hiermee 'n kort gids oor belangrike inligting, sake en reëlings wat getref is om te verseker dat u die vakansie kan geniet en veilig wees. Bestudeer asseblief die gids om te verseker dat u alle situasies sal kan hanteer. Vir verdere inligting kan u ons webwerf besoek by http://www.nvra.co.za

Belangrike Kontaknommers

POLISIE	*044 501 1900*	*10111*
ADT NOODNOMMER	*0861212340*	*083 290 9085*
AMBULANS	*10177*	
BITOU MUN. HULPLYN	*086 124 8686*	
DAYCARE AMBULANS	*044 5013700*	081 037 8656
DOKTERS MEDICLINIC	*044 501 5100*	
TRAFFIC BRANDWEER	*044 533 5000*	
KURLAND FIRE BRIGADE	*044 534 8375*	
NSRI	*044 533 2744*	082 990 5975
SEA RESCUE	*044 533 2941*	

Munisipale aangeleenthede

Superintedent
Die Superintendent van Natures Valley en Covie, Marco Barnardo, werk steeds vanuit die kantoor in die Phyl Martinpark. Gedurende die vakansieperiode is sy ure van 07h30 to 16h30 Maandae tot Donderdae en 07h30 tot 13h30 op Vrydae. Marco is nie 'n inwoner van NV nie, so kontak hom asseblief oor munisipale aangeleenthede tussen hierdie tye. In noodgevalle buite kantoorure kan u gerus die Bitou Munisipale hulplyn 086 124 8686 skakel.
Aangesien Marco nie altyd op kantoor is kan u gerus 'n boodskap laat **op 044 531 6757** of per e-pos by mbarnardo@plett.gov.za

"Honeysucker" uitsuigdiens.
Besonderhede en telefoonnommers in hierdie verband word agter op hierdie kennisgewing verskaf.
Gaan asseblief u suigtenk gereeld na om te verseker dat daar genoeg tyd is om die "honeysucker" te ontbied. Vertoon ook u **erfnommer** op so 'n wyse dat dit baie duidelik sigbaar is vanaf die straat. Dit dra by tot effektiewe uitvoering van die uitsuigdiens.

Munisipale vullisdromme "Wheelie-bins".
Indien u nog nie u gratis (een per erf) vullisdrom afgehaal het nie, is daar van hulle beskikbaar by die Superintendent se kantoor. Beskerm asseblief u vullisdrom met 'n geskikte slot of "bungy" rek om te verhoed dat dit deur bobbejane, seevoëls, en kraaie geplunder kan word nie.

Verwydering van huishoudelike vullis
Vanaf **11 Desember 2018 tot 23 Jan 2019 sal huishoudelike vullis Dinsdae en Vrydae vanaf 07h00 verwyder word.** Plaas asseblief vullissakke binne in die vullisdromme ("wheelie-bins") en dan op die sypaadjie. Indien die vullistrok om een of ander rede nie opdaag nie, moet vullis asseblief weer in die huis of motorhuis gebêre word of na die vullisstortingsterrein in Forestrylaan geneem word. **Sorg asseblief ook dat daar geen vullissakke op die sypaadjie of op die erf agtergelaat word wanneer u uit die Vallei vertrek nie. Dit moet ook nie in die publieke asblikke by die strandsypaadjies geplaas word nie, maar moet na die vullisstortingsterrein (WTS) geneem word en deur die skuifdeur aan die kant van die gebou gegooi word. Maak asseblief seker dat u weer die haak aan die deur inhak as u die vullis klaar daarin gegooi het. Vullissakke moet NIE op sypaadjies of langs die vullisopbergingseenhede geplaas word nie. Bobbejane skeur met genot die sakke oop en bestrooi die inhoud na willekeur.**

Herwinning
Daar is herwinnings-bergingseenhede by die stortingsterein(WTS). Eienaars word vriendelik versoek om van hierdie fasiliteit gebruik te maak sodat huishoudelike vullis tot 'n minimum beperk kan word. Die sortering van herwinningsmateriale en nat vullis verminder die volume van vullis, wat na die stortingsterrein buite Mosselbaai vervoer word, met ongeveer 75% .

Tuinafval en Rommel
Daar mag geen tuinvullis by die stortingsterrein (WTS) in Forestrylaan gestort word nie. Die organiese afvalbergingspunt wat by Kurland beplan word, is nog nie in werking nie. Ongelukkig aanvaar Melton Farms nie meer tuinvullis nie sodat alle organise vullis soos take en blare na die ou Plettenbergbaai stortings-terrein op die Robberg/Lughawe pad geneem word.

Indien 'n huiseienaar van die Robberg-stortingsterrein gebruik wil maak, moet hy/sy eers na die Bitou belastingkantoor se kassiere gaan om 'n heffing te betaal vir afval wat hulle wil stort. Die toesighouer by die Robberg-werf sal vir 'n bewys van betaling vra alvorens u die die terrein mag betree.

Daar is wel tuinkontrakteurs in Nature's Valley wat groen takke en bome kan versnipper en verwyder. Name van hierdie kontrakteurs kan by die NVBV kantoor verkry word.

Ou Huishoudelike Toeristing
Die Bitou Munisipaliteit se afvalhanteringsfasiliteit op die N2 anderkant Kwanokathulu aanvaar enige ou toeristing soos stowe, wasmasjiene en yskaste vir skrapping.

Honde in Nature's Valley
Goed-gemanierde honde wat vergesel word deur hul eienaars is baie welkom in die Vallei. Indien honde toegelaat word om rond te loop en die genot van ander vakansiegangers te bederf, sal eienaars vervolg word volgens die munisipale wetgewing.
Bitou Munisipaliteit het verlede jaar nuwe reels tov honde op strande uitgereik met "Hondvrye" areas (Rooisones), "Leibandareas" (oranjesones), en "Vryloopareas" (groensones). Die "Geen honde tussen 9:00 en 16:00" reëL het verval.
Kennisgewingsborde is by strandingange opgerig om aan te dui welke reëls van toepassing is.
Kortliks lui die reels as volg:

- **(i) Geen honde wes van ingang 1 of tussen ingange 3 en 5. (Die Blouvlagstrand);**
- **(ii) Leibande tussen ingange 1 en 3 en 5 en 7;**
- **(iii) Geen leibande nodig vanaf ingang 7 tot by die riviemond;**
- **(iv) Geen honde word aan die anderkant van die riviermond toegelaat nie aangesien hierdie deel vorm van natuur- en marienebewaringsareas.**

Hondafvalsakkies

Afvalsakkies is beskikbaar by die ingange van al die strandpaadjies, op twee plekke langs die strandmeer asook by die twee ingange na die Phyl Martin Park. Sakkies kan ook by die kantoor afgehaal word. Maak asseblief gebruik van hierdie sakkies om die strate en strande skoon te hou.

Let asseblief daarop dat die Bitou Munisipaliteit hierdie wetgewing toepas en beheer. 'n Uittreksel aangaande honde in stedelike gebiede, waaronder Nature's Valley resorteer, lui as volg:

"Dogs in streets or public places:

1. **The owner or keeper of a dog may not allow it in a street or public place unless the dog is on a leash.**
2. **Except in the event of a blind person being led by a guide dog, a person in charge of a dog in a street or public place must remove any faeces left by the dog.**
3. **Any person who contravenes any of the provisions of paragraphs 1 or 2 above, commits an offence.**

Control of dogs

1. **No persons who owns or keeps a dog may:**
   - **urge a dog to attack, worry or frighten any person or animal unless in self-defence;**
   - **keep a dog if the premises are not adequately fenced to keep such dog inside the premises when it is not on a leash;**
   - **permit a dog to trespass on private property;**
   - **keep any dog which interferes materially with the comfort, convenience, peace or quiet of neighbours by barking, yelping, howling or whining.**
2. **The Municipality may seize and impound a dog which is found in a street or public place in contravention with the provisions of the by-laws."**

Help ons voëls om te broei

Oor die afgelope twee jaar het die NVT gesamentlike pogings aangewend om die broei van voëls op ons strande te help deur broeiplekke met kennisgewings en toue of lintjies af te baken. Dit, en die nuwe hondereëls het gelei tot 'n merkbare toename van die sukseskoers van die uitbroei van vaalstrandkiewiete van 9% twee jaar gelede tot die huidige 30%. U vriendelike samewerking deur kinders en honde buite hierdie afgebakende gebiede te hou, sal waardeer word.

Sanparks Gebiede

Geen honde word in die SANPark gebiede, nl. die beskermde dele van die Nasionale Park, strandduine en die wandelpaaie in die woud en die gebied aan die anderkant van die Grootrivier toegelaat nie.

Veiligheid en Sekuriteit

Nature's Valley is ongelukkig nie meer misdaad-vry nie. Die NVBV versoek alle eienaars en hul familie om nie deure en vensters oop te laat as hulle uitgaan nie. Geleentheidsmisdaad neem toe en sakrekenaars, selfone en handsakke verdwyn binne etlike sekondes. Hierdie voorsorgmaatreëls is ook doeltreffend om bobbejaan-indringing te voorkom. Verkieslik moet alle waardevolle items buite sig gebêre word.

Fidelity-ADT

Fidelity-ADT lewer 'n 24/7 nooddiens in Nature's Valley. Die patroleringsvoertuig reageer onmiddellik op kliënte se noodseine. Die man op patrolliediens sal ook reageer op telefoonoproepe aangaande verdagtes en hulle aktiwiteite. **Die selfoonnommer vir die voertuig is 0832909085**. Of u kan die ADT noodnommer 0861212300 skakel. Hou asseblief hierdie nommers byderhand vir enige noodgevalle.

Blouvlagstrand en Swem-Veiligheid

NV se Blouvlagstrand is by ingang nr 4. Lewensredders sal 7 dae per week tussen 09h00 en 17h00 aan diens wees. Die vakansieseisoen begin op 1 Desember 2018 en duur tot en met 31 Januarie 2019. NV is berug vir ontstuimige en gevaarlike seestrome en gevaarlike swemplekke. Dit word sterk aanbeveel dat alle besoekers, en veral kinders, alleenlik tussen die bakens wat deur die lewensredders op die strand geplaas word swem. 'n Swemgids is by die NVBV kantoor of die webwerf beskikbaar.
(Swimming guidelines) Eerbiedig asseblief hierdie riglyne.

Brandvoorkoming

Lede sal bewus wees van die verwoestende brande wat in Junie 2017 in Knysna en die Robberg-gebied van Plettenbergbaai plaasgevind het.
Daar was nog ernstige brande hierdie jaar vanaf George tot by Port Elizabeth maar gelukkig is NV onaangeraak. Ons was baie gelukkig dat daar geen ernstige brande in of om Nature's Valley uitgebreek het nie maar daar is geen rede om gerus te voel nie.
Maak asseblief seker dat braaikole deeglik uitgeblus word na gebruik, veral in die nag wanneer winderige toestande kan vvorkom. Let ook daarop dat plantafknipsels wat op eiendomme gelaat word en daarna uitdroog, die brandgevaar aansienlik kan verhoog. Eienaars wat nalatig is in hierdie opsig kan swaar strawwe in die gesig staar indien later bewys word dat droë materiaal wat op hul eiendomme oorgebly het, tot die verspreiding van 'n brand bygedra het.
In die verlede het daar brandvoorvalle voorgekom wanneer dit nodig was om die Valley te ontruim vanwee die moontlikheid van versmoring of die gevaar dat 'n brand na hierdie gebied versprei. Indien so 'n gebeurtenis plaasvind sal stappe geneem word om inwoners vroegtydig in te waarsku en in telig.

Vuurwerke en Sjinese lanterns

Bitou wetgewing verbied alle ongemagtigde vuurwerke, Sjinese lanterns, ens. in Nature's Valley en omliggende gebiede wat ook 'n ernstige brandgevaar vir die omgewing inhou.

Smouse

Besoekers en eienaars word versoek om nie smouse wat tydens die vakansie tydperk Nature's Valley binnekom, te ondersteun nie veral die vissmouse wie se produkte van twyfelagtige gehalte is. Hulle optrede is nie altyd deursigtig nie, soms baie verdag en kan moontlik vir eienaars 'n sekuriteitsgevaar inhou. Dit is nie moontlik om hulle toegang tot die vallei te belet nie, maar 'n gebrek aan ondersteuning sal hulle dalk ontmoedig om hierheen te kom. Indien smouse u lastig val, ontbied asseblief die ADT voertuig (083 290 9085)

Skaatsplanke

Die ry van skaatsplanke op die bergpasse is uiters gevaarlik en word ten strengste verbied.

BOBBEJAAN WAARSKUWING

Bobbejane is inheems in hierdie gebied en is gedurig op soek na kos. Sodoende besoek hulle gereeld die woonbuurt van Nature's Valley. U samewerking is van kritiese belang tot die beskerming van u eiendom.

INDIEN HULLE U WONING SOU BINNEDRING, SAL HULLE VERWOESTING SAAI.

Moet nooit:

- Enige kos buite laat vir ape of bobbejane nie; Vrugte of groenteskille buite laat nie. Kos wat vir voëls gelaat word, lok ook bobbejane en ape.
- Vullissakke met oorskietkos en selfs herwinningsmateriaal buite laat nie, want dit sal oopgeruk en rondgestrooi word.
- Enige kos of vrugte naby vensters of deure plaas waar dit sigbaar is nie.
- **Verseker ten alle tye:**
- Dat deure en vensters wat nie met bobbejaandiewering beskerm is nie, gesluit bly. Hulle weet hoe om deure en

vensters oop te maak .(Dit is ook raadsaam om yskaste en vrieskaste gesluit te hou.)
- Dat honde weggehou word van bobbejane om aanvalle te vermy.

Verhoed ten alle tye:
- Dat die bobbejane u eiendom beskou as 'n hawe vir kos.
- Om bobbejane te nader, veral die jonges. Die mannetjies is baie beskermend en kan baie gevaarlik wees as hulle die jonges verdedig.
- Indien die bobbejane in u huis vasgekeer word – staan terug en laat hulle toe om self uit te gaan. Hulle word aggressief as hulle vasgekeer word.

Om bobbejane van die eiendom te verjaag:
- Skreeu en swaai jou arms.
- Slaan potte en panne saam.
- Skiet op hulle met 'n kettie. Gewoonlik loop hulle sodra hulle die kettie sien.
- Spuit hulle nat met 'n tuinslang aangesien hulle nie daarvan hou om nat te word nie.

Vir onmiddelike hulp in 'n noodgeval of bedreigde situasie:
Fidelity-ADT Patrollie-voertuig: 083 2909085

Vir verdere inligting NVBV: 044 531 6699
Die NVT administreer die Bobbejaan Whatsappgroep wat help om te weet waar die bobbejane is. Kontak hulle gerus by 044 531 6820 om op die Whatsapp geplaas te word.

Phyl Martin Park
Die park is 'n ware gemeenskapsfasiliteit en 'n pragtige plek om te besoek om meer te leer van inheemse plante en bome.
Onderhoud van die park en word nou deur Marco en sy assistente behartig. Ongelukkig moes ons die kwekery sluit maar daar is nog 'n paar oorblywende plant en bome beskikbaar teen lae pryse.
Besoek gerus die Park, vertoef 'n rukkie in die koel skaduwee en geniet die rustigheid daarvan.

Sosiale Aangeleenthede
Covie Kinder Kerspartytjie
Hierdie partytjie word hierdie jaar deur die NVRA en dames van die NVT behartig en vind plaas on 15h00 op 14 Desember. Ons verwelkom enige bydrae tot hierdie besonderse geleentheid.
Gelukkig het ons soveel donasies vir hierdie funksie verlede jaar ontvang dat daar genoeg oor is vir nog twee jaar.

Kerkbasaar
Die NG Kerkbasaar sal op Woensdag 19 Desember om 18h00 in die kerksaal plaasvind. Daar sal vir seker heerlike gebak, pannekoek, varsprodukte en ander lekkernye te koop wees.

Kunsuitstalling
Daar sal weereens 'n kunsuitstalling van plaaslike kunstenaars in die kerksaal gehou word vanaf Dinsdag 26 tot Vrydag 29 Des.
Ondersteun aub hierdie uitstalling wat beloof om weereens 'n puik en onmisbare gebeurtenis te wees.

NV Trust Aktiwiteite
Soos gewoonlik het die NVT 'n program van aktiwiteite uitgewerk waarvan besonderhede in 'n afsonderlike brosjure gegee word.

Uitheemse plante
Eienaars word aangemoedig om asseblief alle uitheemse plante van hulle erwe te verwyder. Swaardvarings en Eugenias groei baie vinnig en is veral moeilik om uit te wis. Bome soos "Flowering Gum", Swarthoud en Wattle is ook ongewens en behoort vewyder te word.

Bote by die Strandmeer
SANParks het al verlede jaar die dwarspale waaraan die bote vasgemaak kan word verleng om voorsiening te maak vir die toenemende getal bote wat by die strandmeer gelaat word. U word vriendelik versoek om seker te maak dat u boot met 'n ketting vasgemaak is voordat u Nature's Valley verlaat of dat u dit verkieslik tuis berg. 'n Paar eienaars laat nog steeds hulle bote in ongewone plekke wat die aansig van die natuurlike riviermond ontsier. Moet aub nie bote/kanos aan die sitplekke langs die lagoon vasmaak nie.

NVBV Aangeleenthede
Kantoorbestuurder
Annamarie Kovacik, wat in die Vallei woon is steeds Kantoor-bestuurder en kan verskeie soorte inligting tov Nature's Valley en die omgewing veskaf Maak gerus 'n draai by die kantoor om kennis te maak of besoek ons webwerf by http://www.nvra.co.za

Kantoorure
The NVBV kantoor is Dinsdae, Woensdae en Donderdae oop maar sal vanaf 18 Desember tot 4 Januarie 2019 5 dae per week oop wees vanaf 08h30 - 13h00 en vanaf 14h00 – 16h30. Dit sal oor naweke en vakansiedae gesluit wees.

Algemene Jaarvergadering
Die NVBV se Algemene Jaarvergadering word op Donderdag 20 **Desember om 17h00 in die NG Kerksaal in St Georgerylaan gehou.**
Die Agenda sal vroeg in Desember by die kantoor beskikbaar wees.
The notule van die vorige jaarvergadering word aangeheg in hierdie epos. Afskrifte is ook in die NVBV kantoor beskikbaar. Ons vertrou dat alle eienaars die vergadering sal bywoon om insae in veskeie fassette van die NVBV se werksaamhede te kry. Dit gee ook vir eienaars die geleentheid om belangrike sake onder ons aandag te bring.
Alle persone wat belangstel om op die NVBV komitee te dien word versoek om vroegtydig en voor die vergadering met die kantoorbestuurder in aanraking te kom sodat die nodige dokumente voorberei kan word.

Bydraes:
Ons bedank graag alle eienaars wat reeds vir die finansiële jaar vanaf 1 Julie 2018 - 30 Junie 2019 tot die NVBV bygedra het. Vir diegene wat nog bydraes wil lewer, doen dit asseblief in persoon by die kantoor, per EFO of by die Algemene Jaarvergadering.
Die voorgestelde bedrag is R850.00.

Bank besonderhede: NVRA, Standard Bank, Plettenberg Bay Bankkode (050714) Rek nr. 082609217. Stuur asseblief die bewys van betaling aan office@nvra.co.za. Dit is uiters belangrik dat ons u nuutste kontak-besonderhede op rekord het vir noodgevalle, ens. Sal u asseblief so gaaf wees om ons in te lig oor enige verandering van adres, foonnommers, status en e-posadres.

Afsluiting
The Nature's Valley strand lyk pragtig en die strandmeer is skoon en gereed vir kinders, bootjies en pret. Ons wens u 'n Geseëende Kersfees en 'n Voorspoedige 2019 toe.

Ry aub veilig.

HONEY-SUCKER DIENSTE

Neem aub kennis van die volgende inligting rakende die bestelling van Honey-sucker dienste.
Betaling moet eers geskied alvorens die dienste bestel kan word. Die bewys van betaling moet dan na klientedienste in Plettenbergbaai of na die Kantoor in Natures Valley, gelee in die Phyl Martinpark, (Kantoorure Maandae tot Donderdae 07h30-16h30 en Vrydae 07h00-13H30) geneem word om 'n bespreking te maak.

Die fooie is as volg:

Maandae tot Vrydae	R527.85
Saterdae	R792.35
Sondae en vakansiedae	R1055.70

Bankbesonderhede:
NEDBANK – Plettenbergbaai
Rek: 1089913974
Takkode: 198765
Verw: 10840861 +Erfnommer

Epos bewys aan:
Mbarnardo@plett.gov.za

Natures Valleykantoor: 044 531 6757
Bitou kliëntedienste:
044 501 3028
086 124 8686

Bitou Munisipaliteit het ons in kennis gestel dat hulle nie meer betalings per tjek sal aanvaar nie.